Noordelike Sinode

Taakspan Induksie en Spanontwikkeling

Verslag aan die Noordelike Sinode

1. Opdrag

Die Noordelike Sinode het besluit om die Induksieprogram as een van die fokusareas in predikanteversorging te ontwikkel. Dit vorm ‘n belangrike skakel in die holistiese versorging van predikante en sorg dat die inskakeling by ‘n nuwe gemeente, na die aanvaarding van ‘n beroep, glad verloop.

Die Sinode besluit in 2005 ten op sigte van die Induksieprogram die volgende :

1. *Die Sinode besluit dat alle gemeentes wat ‘n nuwe predikant beroep, die predikant, die span met wie hy/sy saamwerk sowel as die kerkraad deur die Induksieprogram sal begelei vir die nuwe bediening.*
2. *Indien die gemeente nie van die Induksieprogram van die Sinode gebruik maak nie, moet die taakgroep vir die versorging van predikante in die saak geken word.*

2. Fokusareas

Die volgende sake is van belang wanneer daar oor hierdie bediening in gemeenteverband gepraat word:

Gemeente :

- Konteks
- Verhaal
- Visie en drome
- Norme, waardes en kultuur van die gemeente
- Fokusareas
- Verstaan van prosesse wanneer daar verandering plaasvind
- Vasgelooptheid (stuckness)
- Organiseringspatrone
- Ongeskrewe reëls
- Medewerkers en rolspelers

Leraars en/Personeel :

- Persoonlike verhale
- Passie

- Gawes
- Persoonlikhede
- Roepingsverstaan

3. Werkswyse

Voor die aanvang van die Induksieprogram vind ‘n gesprek plaas met die leraars/leierskorps van die gemeente sodat ‘n behoeftebepaling gedoen kan word en verwagtinge uitgespel kan word.
‘n Fassiliteerder word aangewys vir die Induksieprogram.
Die ideaal is dat die span vir die Induksieprogram vir 1-2 dae sal onttrek na ‘n eilandsituasie buite die gemeente.
Aan die einde van die Induksieprogram word met die span ooreengekom om mekaar na 3-6 maande weer te ontmoet om te reflekteer oor die afgelope paar maande.
Na afloop van die program stuur die fassiliteerder ‘n verslag aan die taakspanleier Spanontwikkeling en Induksie.
‘n VBO kode word aan die gemeentespan en fassiliteerder deurgegee.

4. Afhandelingsdatum

Die SDR bevestig jaarliks sy opdrag aan die Taakspan Induksie en Spanontwikkeling.

5. Huidige taakspanlede

Lizl-Louise Schoeman (voorsitter)
Paul Grobler
Roelf Opperman
Michiel van der Merwe
Simon van den Heever
André Botha

Persone wat in die tydperk as fassiliteerders opgetree het:
Dieter de Bruyn
Wimpie Jordt
Fritz Snyman
JZ de Jager

Nuwe lede van die taakspan het opleiding deurloop wat deur Roelf Opperman en Fritz Snyman gefassiliteer is. (November 2018) Die opleidingsgeleentheid was ook oop vir bestaande taakspanlede ter wille van opskerping.

6. Uitvoering van die opdrag

Sedert die opdrag aan die Taakspan weer bevestig is in 2017, het Induksie by die volgende gemeentes plaasgevind:

Marion Jordaan, Pietersburg-Noord (Paul Grobler)

Anél Pienaar, Pretoria-Dowes (Michiel van der Merwe)

Bernice Serfontein, Waterkloof (Roelf Opperman)

Johan Burger, Wonderboom-Suid (Paul Grobler)

Nadine van Eden, Waverley (Lizl-Louise Schoeman)

Surina van den Bergh, Montana (Wimpie Jordt)

Willie Korb, Môregloed (Michiel van der Merwe)

Antje du Plessis, Brits (Lizl-Louise Schoeman)

Bernice Serfontein, Waterkloof (Roelf Opperman)

Christiaan Ackermann, Eldoraigne (Simon van den Heever)

Fay van Eeden, Stellastraat (Lizl-Louise Schoeman)

Fouché de Wet, Ooskerk (Lizl-Louise Schoeman)

Frans Burger, Rietfontein-Noord (Roelf Opperman)

Madelein Strydom, Hulp en Hoop (André Botha)

Ryno Hurn, Valhalla (JZ de Jager)

Riaan Odendaal, Waterberg (Dieter de Bruyn)

Meiring de Wet, Doornpoort (Dieter de Bruyn)

Dieter de Bruyn, Faerie Glen (Fritz Snyman)

Brits Janse van Rensburg, Harare (Paul Grobler)

Jeandre Slabbert, Villeria (Paul Grobler)

Rehan Rheeder, Villeria / saakgelastigde Sinodehuis

(Lizl-Louise Schoeman)

Covid-19 het ongelukkig ‘n wesenlike invloed gehad op die werk van die Taakspan. Alhoewel heelwat predikante beroepe aanvaar het gedurende pandemie, het die inperkingsmaatreëls die Induksie proses erg belemmer. In die meeste gevalle is gespekke wel gevoer met die gemeentes. Nuwe leraars word steeds uitgenooi en aangemoedig om van die taakspan gebruik te maak.

Skakeling met ander voorsitters van Taakspanne (Brugbediening, Leierskapsontwikkeling, Predikante ontwikkeling, Mentoraatskap) het ook plaasgevind.

7. Aanbevelings

Die Sinode keur goed dat:

7.1 Die werksaamhede van die Taakspan vir Induksie en Spanontwikkeling voortgesit word.

7.2 Die Sinode moedig gemeentes aan om gebruik te maak van die Taakspan Induksie en Spanontwikkeling wat nuwe leraars begelei vir die bediening in hul nuwe gemeentes.

8. Slotwoord

Die Taakspan is baie bewus van die potensiaal wat opgesluit is in leraars en gemeentes, daarom bly dit ‘n voorreg om saam te reis in die ontsluiting van hierdie potensiaal.
Dankie in besonder aan elke Ringsverteenwoordiger (Predikantebegeleiding) vir hulle ondersteuning.
Daar is groot waardering vir die hulp vanuit die Sinodehuis asook elke lid van die taakspan vir hulle toewyding, persoonlike opoffering en die saamreis.

Lizl-Louise Schoeman
Voorsitter Taakspan Induksie en Spanontwikkeling